Die Voortrekkers

GEBIEDSRAADVERGADERING

SAKELYS

9 November 2019

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

Sakelys van die Gebiedsraadvergadering wat gehou gaan word op Saterdag 9 November 2019 te Hartbeesfontein, Pretoria

TvlGRSL201911

Kleredrag: Aktiewe Voortrekkerdrag

1. OPENING EN KONSTITUERING

1.1 Opening

Vlagseremonie
Opening met skriflesing en gebed.

1.2 Beloftes

Die Offisiere, Staatmakers en Verkenners sal die onderskeie beloftes aflê.

Offisiere

Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die
Drie-enige God, my volk, my land en my medemens.
Ek vereenselwig my met en onderskryf
die grondslag, die wese en
die doelstellings van Die Voortrekkers
en onderneem om dit aan die jeug oor te dra.

Staatmakers

Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die
Drie-enige God, my volk, my land en my medemens.
Ek vereenselwig my met en onderskryf
die grondslag en wese van Die Voortrekkers
en onderneem om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

Verkenners

Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om God te eer,
om my volk, my land en my medemens te dien
en om die Voortrekkerkode na te leef.

1.3 Verwelkoming

GL Zandra verwelkom almal by die vergadering.

1.4 **Konstituering**

Die vergadering is behoorlik gekonstitueer en bestaan uit die lede van die gebiedsbestuur (gebiedsdagbestuur en oordleiers), die gebiedstaatmakerraad, Voortrekkerkommando's Staatmakergroepe, Los Veldkornetskappe, Gebiedsjeugraad en Senior Verkenners.

1.5 **Presensie**

Geloofsbriewe word in behandeling geneem.
Die teenwoordigheidsregister word gesirkuleer vir ondertekening.

1.6 **Waarnemers**

Teenwoordig soos per oproepbrief en inskrywingsvorm.

1.7 **Ordereëlings**

Vrydag 8 November 2019
Voortrekkerbesture van ver kan laatmiddag arriveer en maak voorsiening vir eie kos. Geen kos word vanuit kombuis verskaf, geen aandprogram en geen registrasie.

Saterdag 9 November 2019
Kombuis verskaf etes vanaf ontbyt
Ontbyt: 07:00-08:00
Registrasie: 07:00-09:00 by kantoor
Opening: 09:00
Sessie 1 (Verslag: 2017-2019 & Toekomsblik 2020-2021): 09:30-11:00
Teetyd/Benerek: 11:00
Sessie 2 (Toekomsblik projekte 2010-2021): 11:30-13:00
Middagete: 13:00-14:00
Terugvoer sessie: 14:00-15:00
Sessie 3 (Portefeuljes): 15:15-16:15
Teetyd/Benerek: 16:15-16:30
Sessie 4 (Portefeuljes): 16:30-17:30
Aandete: 18:00-19:00
19:30: Aandprogram & afsluiting

Sondag 10 November 2019
Kombuis verskaf wel ontbyt voor almal vertrek om 09:00
Ontbyt: 07:00-08:00

2. Personalia: Lief en leed

2.1 **Lief**

Verjaarsdaglys

Almal word hartlik gelukgewens met hulle verjaarsdae vir die tydperk vanaf November tot Desember 2019.

2.2 **Gelukwense**

a) Nuwe kommando dagbesture

b) Voortrekker jeuglede se verkiesings as leiers by hulle skole (Laerskool en Hoërskool).

2.3 **Goeiewense**

Alle Graad 12 Voortrekkerlede wie hulle eindmatriek eksamens skryf.

2.4 **Afsterwe van die volgende Voortrekkers/persone:**

Geen bekend.

2.5 **Siektes en operasies**

Geen bekend.

3. Verslag: 2017-2019

Die verslag van werksaamhede in die gebied vir die periode 2017 tot 2019, soos deurlopend aan die gebiedsbestuur voorgehou, sal gelewer word. Die verslag sal alle aspekte van die 2017 Kongres prioriteite aanspreek.

Vir bespreking en kennisname

4. Toekomsblik projekte 2010-2021

Die oorgangsgebiede sal geleentheid gebied word om toekomsprojekte te beplan.

Onder andere word vier (4) “Groot” afsonderlike projekte voorgestel deur die loop van 2021 (90-jaar fees):

1. Bootreis (groepsbepreking) vir “Reis na nêrens” 9-11 Januarie 2021.
2. Beplan en doen een of twee VT –verwante wêreldrekord samekomste in twee (2) verskillende streke (bv. langste/meeste stokbrood; grootste pot moerkoffie…)
3. Een ekstra “Afrikaans-is-Groot” musiekfees dag word beplan spesiaal vir Voortrekkers – vra weer vir ‘n bekende kunstenaar om op die fees ‘n nuwe VT lied te sing.
4. Alle kommandos sal gevra word om deur die loop van die jaar ‘n “90-MINUTE” diensbaarheidsprojek te doen.

Vir bespreking en insette

5. Portefeulje Sessies

Geleentheid word gegun vir portefeulje houers om sake rakende die portefuelje met die betrokke AGL te hanteer. Sessies sal parallel maar ook agtereenvolgend plaasvind.

Vir bespreking en kennisname

6. Bedankings: GL Zandra Machin

GL Zandra bedank:

- Elke Voortrekkerlid dat hy/sy die moeite gedoen het om die vergadering by te woon, ondanks elkeen se eie druk program.
- Elkeen vir sy/haar insette gedurende die vergadering.

7. Afsluiting: AGL Riaan du Preez

Die vergadering verdaag.

Die konsepnotule sal per elektroniese pos uitgestuur word en daarna sal alle kommentaar bygewerk word.
Die finale notule sal dan uitgestuur word as die goedgekeurde notule en sal met die eersvolgende vergadering vir bekragtiging voorgelê word en sal dan so genotuleer word.